



Vak: Graad 4 Sosiale Wetenskappe (Geskiedenis)

Onderwerp: Sosiale Wetenskappe (Geskiedenis): Kwartaal 2 - Eksamen 1

Totaal: 86 Punte

1. 21 | een en twintig | een-en-twintig

3 punte

Verduideliking:

Gandhi het 21 jaar in Suid-Afrika gebly voordat hy terug na Indië gegaan het.

2. 1994

3 punte

Verduideliking:

Die eerste demokratiese verkiesing het in 1994 plaasgevind. Dit het beteken dat 'n persoon van enige ras vir 'n president kon stem. Die verkiesing was vry en regverdig.



3. D: voorbeeld

4 punte

Verduideliking:

Gandhi het sy lewe geleef as 'n voorbeeld van sy diep gelowe oor gelykheid vir almal.

4. 1918

3 punte

Verduideliking:

$2018 - 100 = 1918$

Nelson Mandela is op 18 Julie 1918 in 'n klein dorpie genaamd Mvezo gebore.

5. A: hutte

4 punte

Verduideliking:

Al die moontlike antwoorde kan ons voorsien van inligting omtrent die plaaslike gebied, maar omdat die hut in die illustrasie is, is dit die regte antwoord.



6. heeltemal vry | vergewe

4 punte

Verduideliking:

Bitterheid en haat sou veroorsaak het dat Mandela steeds gevoel het hy was in boeie.

Mandela kon dieselfde mense wat hom gehaat en onregverdig behandel het, in sy geveg vir vryheid, ook so behandel het. Hy het egter gekies om te vergewe, en die haat en bitterheid wat hy teenoor die mense, wat hom onregverdig behandel het, te laat gaan. Op hierdie manier, kon Mandela vorentoe beweeg en goeie dinge doen om verandering in Suid-Afrika teweeg te bring.

7. die vrae wat jy die persoon wil vra, neerskryf | die persoon se antwoorde neerskryf

4 punte

Verduideliking:

Jy kan uitvind oor die verlede deur onderhoude met mense te voer. Jy moet voorberei vir 'n onderhoud.

Skryf die vrae wat jy die persoon wil vra, neer. Maak aantekeninge tydens die onderhoud, sodat jy nie die persoon se antwoorde vergeet nie.

8. geskrewe hulpbronne | prentjies

4 punte

Verduideliking:

Prentjies en geskrewe hulpbronne is inligting wat in briewe, koerante, tydskrifte, boeke en op die internet gevind kan word.

9. Straatname

3 punte

Verduideliking:

Enoch Sontonga is lank reeds oorlede. Die mense van Suid-Afrika wou aan hom hulde bring, omdat hy 'n gedeelte van die volkslied geskryf het. Hulle het dus 'n straat na hom vernoem.

10. B: om ander te dien

4 punte

Verduideliking:

Om ander te dien is 'n voorbeeld van om te werk vir die beste belang van ander mense.

11. B: 'n gedenkteken

3 punte

Verduideliking:

'n Gedenkteken is 'n standbeeld ter nagedagtenis van 'n persoon wat oorlede is, of van 'n belangrike gebeurtenis uit die verlede.

12. B: Robben Eiland

4 punte

Verduideliking:

Nelson Mandela was 27 jaar in die tronk, oorspronklik op Robben Eiland en toe later in Pollsmoor-tronk en Victor Verster-tronk. Hierdie is 'n bekende prentjie van sy sel op Robben Eiland.



13. waar 2 punte

Verduideliking:

Mahatma Gandhi se regte naam was Mohandas Karamchand Gandhi. Hy het die naam 'Mahatma' op 'n later stadium gekry.

14. onwaar 2 punte

Verduideliking:

Gandhi was meer as een keer in die tronk.

15. internet 2 punte

Verduideliking:

Tik die naam van jou plaaslike gebied in op "Google" en die inligting sal dadelik verskyn.

16. onwaar 2 punte

Verduideliking:

Nelson Mandela was die eerste swart en demokratiese president van Suid-Afrika. Daar was baie ander presidente voor hom.

17. Rolihlahla | moeilikheidmaker | Nelson | Madiba 8 punte

Verduideliking:

Hy het ook bekend gestaan as Tata (wat "vader" beteken in Xhosa) en Khulu (wat kort vir "oupa" is in Xhosa).

18. Voorwerpe | motors 4 punte

Verduideliking:

Voorwerpe soos motors, meubels en beendere, voorsien ons van informasie oor die verlede.

19. 21 | een en twintig | een-en-twintig 3 punte

Verduideliking:

Gandhi het vir 21 jaar in Suid-Afrika gewoon voordat hy terug is Indië toe. Hy arriveer in 1893 in Suid-Afrika en verlaat Suid-Afrika weer in 1914.

$$1914 - 1893 = 21$$

20. vermoor | verdraagsaamheid | bid 6 punte

Verduideliking:

Hy is drie keer geskiet deur 'n man met die naam Nathuram Godse.



21. D: dapper

4 punte

Verduideliking:

Deur steeds betogings te organiseer, ten spyte van die ANC se verbanning, het Nelson Mandela gewys dat hy 'n dapper leier is. Hy was gewillig om in die 'moeilikheid' te beland vir iets waarin hy sterk geglo het.

22. onwaar

2 punte

Verduideliking:

Plekke van aanbidding gee vir ons inligting oor 'n plaaslike gebied.

'n Area waar daar moskees is, sal vir ons leer dat Moslems in die plaaslike gebied woon.

23. waar

2 punte

Verduideliking:

In baie skole is die uniform van die verlede tot die hede verander, veral om dit goedkoper vir ouers te maak om te koop.

24. trein

3 punte

Verduideliking:

Hy was afgegooi omdat hy in die verkeerde seksie gesit het op die trein wat net vir wit mense gereserveer was.

25. Fort Hare | Forthare

3 punte

Verduideliking:

Nelson Mandela het by baie verskillende universiteite studeer. Die eerste een was die Universiteit van Fort Hare. Hierdie universiteit is in die Oos-Kaap.

Totaal: 86 Punte

